Verwysing: 20200203-3929
Lêerno.: 12/5/P
Navrae: R Manuel

Omsendbrief: 0006/2020
Vervaldatum: Geen

Aan: Distriksdirekteure, Kringbestuurders, Hoofde: Gespesialiseerde Leerder- en Opvoederondersteuning (GLOO), Gespesialiseerde Ondersteuningsdienste, Prinsipale en Opvoeders by spesiale openbare skole

Kort opsomming: *Bekendstelling van 'n aanlyn funksie om te help met die naspoor van aansoeke om toelating tot spesiale openbare skole op die School Admissions Management Information (SAMI)-stelsel.*

Onderwerp: Bekendstelling van 'n aanlyn funksie om aansoeke om toelating tot spesiale openbare skole na te spoor

1. Die doel van hierdie omsendbrief is om skole in te lig oor die bekendstelling van 'n aanlyn funksie wat die nasporingsproses van aansoeke by spesiale openbare skole ondersteun.

2. Die School Admissions Management Information (SAMI)-stelsel vir spesiale skole is 'n module op SOBIS waartoe die skool se SOBIS-administrateur toegang moet kry om alle aansoeke wat by die skool van die distrik ontvang is, vas te lê.

3. Aansoeke om plasing by spesiale skole word nie direk na die skool verwys nie, maar via die distrikskantoor.

4. Alle aansoeke om plasing by spesiale skole volg die huidige Leerderondersteuningsbaan en moet voorgelê word aan die Distrikgebaseerde Ondersteuningspanne (DGOS) soos uiteengesit in die Departement van Basiese Onderwys se Beleid oor Sifting, Identifisering, Assessering en Ondersteuning (SIAO), 2014.

5. Aansoeke wat deur die DGOS ontvang is, sal op 'n databasis by die distrikskantoor aangeteken word. Die DGOS sal die aansoeke na die spesiale skool aanstuur waar plasing verlang word.

6. Die spesiale skool se SOBIS-administrateur moet die volgende stappe doen om toegang tot SAMI op SOBIS te kry:
   a) Teken op SOBIS aan
   b) Soek na "Administration"
   c) Kies "School Admissions (SAMI)".

7. Die SAMI-stelsel sal spesiale skole toelaat om:
   a) Beoogde inskrywings vas te lê
   b) Leerderaansoeke vas te lê
   c) Af te teken op beoogde inskrywings
   d) Veelvoudige aanvaardingsverslae te besigtig.

8. Die "learner application status" op die aansoekvorm moet as "Pending" vasgelê word totdat 'n siftings-/plasingsvergadering gehou is en die aansoek deur die Direkteur: Inklusiewe en Gespesialiseerde Onderwysondersteuning goedgekeur is.

9. Indien spesiale skole enige leiding of ondersteuning nodig het, kan hulle die provinsiale programbestuurder wat aan hulle skool toegeken is, kontak.

10. Prinsipale en Hoofde: GLOO word versoek om die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle belanghebbendes te bring.

GETEKEN: BK SCHREUDER
HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2019-12-19